

Saterdag 15 Oktober

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:1-12

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:5, 6

As gelowiges hoop ons op vryspraak en doen liefdesdade

En nou: *geloof, hoop en liefde* bly, hierdie drie (1 Kor. 13:13). Hierdie drie is nie charismatiese gawes aan enkelinge nie. Elkeen daarvan moet elke lid van die gemeente kenmerk.

Wie glo, erken dat as ek met die reg aan my kant voor God wil staan:

- ek selfs nie op die geringste eie prestasie aanspraak kan maak nie,
- my enigste hoop is om te glo dat Jesus Christus alles gedoen het om my met God te versoen.

Die geloof bou op Christus alleen.

Elkeen van ons gaan voor die regterstoel van Christus verskyn. Hy wat ons dan oordeel, weet dat Hy sy lewe vir ons afgelê het (HK 19:52). Ons hoop, deur die werking van die Gees, op die vryspraak (Gal 5:5); dat ons met Christus se reg aan ons kant die ewige heerlikheid sal binnegaan.

Geloof is 'n energie, 'n krag. Geloof laat 'n mens tot aksie oorgaan. Geloof laat jou leef soos wat jy is. Jy wat, danksy Christus se verdienste, 'n kind van God is, *leef ook as kind van God.*

Geloof bewerk 'n ware, Goddelike liefde as vrug van die Gees in my. Hierdie liefde word daad – liefdesdaad. Ek leef as gelowige volgens die beginsel van die liefde (Rom 14:15).

Christus wys vir ons die weg aan waardeur liefde tot daad oorgaan. Uit liefde vir ons, sondaars, het God sy geliefde Seun gegee. Uit liefde het Jesus Christus sy lewe vir ons aan die kruis afgelê. Dit was sy groot liefdesdaad vir ons.

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 3

Ds. JH Jordaan (Johan) (emeritus)